

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

March 2020 Edition 2



**Environmental education centres share the joy of nature**

Page 7



**Running around the world for charity**

Page 16

**JOBS INSIDE:**

## All-woman firefighting team makes history

With the world celebrating International Women's Day on the 8th of March, the Juliet Crew is shattering gender stereotypes by proving that women can tame raging fires.

Image: by Jurie Senekal



• Cont page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**





"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES  
LEER VAN MADIBA



# Kom ons werk saam om ons finansies reg te ruk

**D**ie begroting wat deur Tito Mboweni, Minister van Finansies, voorgelê is, bied 'n nugtere oorsig oor die stand van ons ekonomie.

Dit is duidelik uit die syfers dat, tensy ons nou optree om dinge om te keer, daar nog moeiliker tye voorlê.

Eenvoudig gestel, ons bestee baie meer as wat ons verdien.

As gevolg hiervan, leen ons al hoe meer terwyl die koste om skuld te betaal styg. Trouens, skuld koste is nou die vinnigste groeiende vlak van besteding. Ons bestee meer aan skuldterugbetalings as aan gesondheid; slegs onderwys en maatskaplike ontwikkeling kry meer.

Hierdie posisie is onseker en onvolhoubaar.

Ons moet aansienlike veranderinge aanbring en dit moet nou aangebring word.

Daar is verskeie redes vir die posisie waarin ons tans is. Ons ekonomie het die afgelope dekade nie veel gegroei nie, veral weens die wêreldwye finansiële krisis in 2008 en 'n afname in die vraag na die minerale wat ons uitvoer. As gevolg hiervan was die invordering van inkomste swak en moes ons meer leen om besteding aan ontwikkeling, infrastruktuur en lone te kon volhou. Terselfdertyd het staatskaping en korrupsie 'n invloed gehad op bestuur, bedryfsdoeltreffendheid en finansiële volhoubaarheid by verskeie openbare instellings, insluitend ondernemings in staatsbesit (SOE's).

Pogings wat die afgelope twee jaar aangewend is om die ekonomie te laat herleef en instellings te herbou, word nou ondermyn deur die elektrisiteitskrisis, wat groei verder beperk en 'n bykomende las op



openbare finansies plaas.

Ons prioriteite in hierdie begroting is dus om die ekonomie weer op 'n groeipad te plaas, openbare besteding te beperk en ons skuld te stabiliseer.

Die begroting is 'n integrale deel van ons strewende na inklusiewe groei, werkskepping, belegging en 'n bekwame staat.

Ons het 'n doelbewuste besluit geneem om nie die pad van besnoeiingsmaatreëls te volg nie. Op so 'n roete sou die uitgawes aan maatskaplike dienste waarop arm mense staatmaak, heelwat besnoei moes word. Dit kon daartoe gelei het dat staatsamptenare se salarisse dramaties sou verminder; die omvang van die staatsdiens, bonusse en pensioene gekortwiek word; belasting verhoog word en die belangrikste staatsbates verkoop moes word.

'n Besnoeiingsbegroting sou ons groeivoorsigte verder benadeel het en die staat se vermoë om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer en in die behoeftes van mense te voorsien, verswak het.

Ons het in plaas daarvan 'n begroting voorgelê wat verskeie gebalanseerde en weldeurdragte maatreëls bevat om besteding in toom te hou, omset te verhoog en groei aan te moedig.

Oor die volgende drie jaar verwag ons om ongeveer R261 miljard te bespaar deur verskillende departemente se begrotings te besnoei en die koers waarteen die staatsdiens se loonrekening verhoog, te verlaag. Terselfdertyd sal ons egter meer moet bestee om die herstrukturering van SOE's soos Eskom en die SAL te ondersteun. As gevolg hiervan, verwag ons 'n netto vermindering van R156 miljard in nie-rente-uitgawes oor die mediumtermyn.

Dit sal help om die tekort te verklein en ons leningsbehoefte te verminder.

'n Groot deel van die besparing sal uit die vermindering van die koers waarteen ons loonrekening groei, spruit. Dit sal verg dat gefokusde besprekings tussen alle maatskaplike vennote, maar veral met vakbonde in die openbare sektor, gehou moet word. Hierdie besprekings moet plaasvind met die wil om oplossings te vind. Ek is bemoedig deur die bereidwilligheid van alle partye om oplossings deur daadwerklike onderhandelinge te vind.

Ons benadering is nie om die grootte van die staatsdiens dramaties te verminder nie, maar om te kyk na die tempo waarteen lone groei. Staats-

dienstone het oor baie jare gemiddeld teen 'n baie hoër koers gestyg as inflasie, en ons moet dit regstel om die openbare finansies onder beheer te kry. Dit geld ook vir die bestuur van mense se persoonlike finansies, waar enige uitgawes wat meer as inflasie styg - of dit nou elektrisiteitstariewe, mobiele tariewe of kos is - die begroting en finansies van elke individu altyd onder druk sal plaas.

Die loonrekening is volgens ekonomiese klassifikasie die grootste bestedingskomponent. Die toename in die loonrekening het begin om die besteding aan kapitaalprojekte vir toekomstige groei en items wat van kritieke belang is vir dienslewering, te verdring.

Die staatsdiens se loonrekening is geensins die enigste gebied waar ons koste besnoei nie. Ek het besluit dat die salarisse van senior openbare amptenare nie vanjaar verhoog sal word nie. Dit volg op 'n vermindering in voordele wat spruit uit wysigings aan die Ministeriële Handboek. Ons sal vanjaar 'n nuwe wet publiseer waarin 'n vergoedingsraamwerk vir openbare entiteite en ondernemings in staatsbesit bekend gemaak sal word om buitensporige betaling aan raadslede en

bestuurders te voorkom.

Ons vakbondgenote is reg wanneer hulle sê dat ons op 'n bewysbare manier lekkasies van openbare fondse moet voorkom deur korrupsie uit te roei, en onreëlmatige, nuttelose en verkwistende uitgawes te beëindig. Ons sal dit, en nog baie meer doen.

Net so belangrik as wat dit is om die openbare loonrekening in toom te hou om openbare finansies te stabiliseer, is dit noodsaaklik om die prestasie van die openbare sektor te verbeter om 'n meer bekwame, doeltreffende staat te bou. Ons het meer van die regte mense in die regte posisies nodig.

Deur openbare besteding in toom te hou, streef ons daarna om groei te verbeter. Dit is om hierdie rede dat daar geen groot belastingverhogings is nie, ondanks die fiskale tekort. In plaas daarvan is daar 'n mate van verligting vir individuele belastingbetalers en verskeie maatreëls om die korporatiewe belastingbasis te verbreed. Ons gaan ook voort met verreikende hervormings in gebiede soos elektrisiteitsvoorsiening, hawens en spoor- en telekommunikasie om die koste van saketransaksies te verlaag. Deur die Infrastruktuurfonds wil ons finansiering vanuit 'n verskeidenheid bronne mobiliseer om in 'n massiewe bouprogram te belê. Deur ons industriële strategie en beleggingsaansporing, ontsluit ons belangrike groei-gebiede.

Ons herstel ons openbare finansies om inklusiewe groei en werkskepping moontlik te maak. In sulke omstandighede moet ons realisties wees, nie dogmaties nie. Dit verg samewerking, nie konflik nie. Daar moet kompromieë en aanpassings gemaak word.

Ons is almal saam in dieselfde bootjie, en ons deel 'n gesamentlike verantwoordelikheid om die roeispane te neem, om as 'n eenheid saam te roei en ons land deur hierdie stormagtige waters te stuur. **V**



# Steun aan pasiënte noodsaaklik in stryd teen TB


Dale Hes

Die USAID Tuberkulose Suid-Afrika projek is 'n perfekte voorbeeld van hoe die regering, gemeenskappe en NRO's kan saamwerk om Tuberkulose (TB) te bestry.

Suid-Afrika het 'n leierskapsposisie in die globale stryd teen TB ingeneem en die Verenigde State se Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling (USAID) het ingetree om hulp aan te bied.

Die projek wat oor vyf jaar strek en in 2016 begin het, word saam met die Nasionale Departement van Gesondheid in agt van Suid-Afrika se provinsies uitgevoer.

Een van die belangrikste dele van die projek is om gemeenskapsgebaseerde NRO's te ondersteun. Die projek voorsien befondsing aan 21 NRO's, wat



meer as 3 500 pasiënte, meestal vanuit landelike gebiede, ondersteun.

## Mosamaria in die Vrystaat

Mosamaria in Mangaung, is een van die NRO's wat fondse van die projek ontvang het. Die organisasie het 'n span gemeenskapsgesondheidswerkers, 'n projekbestuurder en 'n

datavaslegger wat saamwerk om te verseker dat pasiënte op behandeling bly sodat hulle oor 'n tydperk van ses maande genees kan word.

"Ons het 74 versorgers in diens vir dié projek. Ons het aanvanklik met 200 pasiënte gewerk, toe 400 pasiënte en in ons huidige kontrak het ons 500 pasiënte waarmee ons op 'n daaglikse basis werk. Die

pasiënte word vanaf nege klinieke in die Mangaung Metro na ons verwys wanneer hulle met TB gediagnoseer word," sê Mosamaria-koördineerder, Trudie Harrison.

Mosamaria onderneem maandelikse deur-tot-deur siftingsveldtogte om nuwe TB-pasiënte op te spoor en hulle dadelik te begin behandel.

Harrison sê dat Mosamaria se werk die stigma van TB vermindert het en hegte verhoudings met die gemeenskap gesmee het. Dit het ook baie meer suksesvolle behandelingskoerse tot gevolg gehad.

"514 van ons pasiënte is byvoorbeeld in 2018 genees," sê Harrison.


Harrison deel die storie van een van Mosamaria se pasiënte. Hy is daagliks deur 'n Mosamaria-versorger ondersteun, wat seker gemaak het dat hy elke dag sy medikasie neem en hom ook van meliemeel en nuwe

klere voorsien het.

"Hy het die behandeling voltooi en is genees en hy kon teruggaan werk toe, aangesien sy werkgewer sy werk vir hom gehou het," sê Harrison.

## Wees bewus van TB-simptome

Jy behoort jou naaste kliniek of hospitaal te besoek om vir TB getoets te word as jy van die volgende simptome het:

- Hoes wat vir drie of meer weke aanhou
- Bloed uithoes
- Borspyn of pyn het wanneer jy hoes of asemhaal
- Onopsetlike gewigsverlies
- Uitgeput voel
- Koors. 

**Kontak die USAID TB Suid-Afrika Projek by 012 484 9300, vir meer inligting oor die projek.**

# All you need to know about hearing loss

Allison Cooper

When you struggle to hear, your ability to communicate effectively is compromised and it can become difficult to enjoy taking part in daily activities such as outings with friends, business meetings, talking on the phone or listening to the television at normal level.

According to the South African National Deaf Association, hearing loss exists when there is diminished sensitivity to the sounds normally heard.

Hearing impairments are categorised by:

- their type, severity and the age of onset (before or after language is acquired), and can exist in only one ear or both ears.

- can occur in the outer or middle ear (conductive hearing loss) or in the inner ear (sensory-neural hearing loss), or both (mixed hearing loss).

- In the outer and middle ear, typical problems include too much earwax, infection of the auditory canal or infection of the eardrum, or otosclerosis, which is the abnormal growth of bone.

- In the inner ear, the majority of hearing problems result from damaged inner ear structures caused by aging, excessive exposure to loud noise, injury, illness and certain medications.

Hearing loss can range in severity from mild to profound and can be temporary or permanent.

A person with mild hearing loss is unable to hear soft

sounds and has difficulty understanding speech in noisy environments; with moderate hearing loss, they are unable to hear soft and moderately loud sounds and have considerable difficulty understanding speech, particularly with background noise; with severe hearing loss, they are unable to hear most sounds; and with profound hearing loss, some very loud sounds are audible but communication without a hearing instrument is difficult.

## Signs of hearing loss

In adults, hearing loss can develop gradually over several years. When this happens, most people are not aware of it until family or friends bring it to their attention.

Risk factors for hearing loss, that should be evaluated by an


audiologist, include;

- trouble understanding people;
- dizziness or a balance problem;
- ringing in the ears (tinnitus);
- muffled or plugged ears;
- ear or head trauma and a family history of hearing loss.

## Signs of hearing loss in children:

- not being startled by loud sounds;
- can't locate the source of sounds;
- often touching or pulling on one or both ears;
- stop babbling or make more high-pitched screaming sounds at six to eight months;
- need louder sound levels to function;



- often misunderstand spoken directions;
- not responding when called;
- withdrawing from social contact. 

**This information was supplied by the South African National Deaf Association ([www.sanda.org.za](http://www.sanda.org.za))**

**If you suspect that you could be suffering from hearing loss, visit your nearest clinic or an audiologist.**

# Victories recorded in the war on rhino poaching

More Matshediso

**R**hino poaching in South Africa has declined from 768 rhino killed for their horn in 2018 to 594 in 2019.

This is according to Minister of Environment, Forestry and Fisheries Barbara Creecy.

She says the decrease is the result of additional steps taken by government to curb poaching and paid tribute to the rangers who work tirelessly each day to stop poachers.

Anti-poaching measures implemented by government include improved capabilities to react to poaching incidents through better situational awareness and use of technology, improved information collection and sharing amongst law enforcement authorities,



better regional and national co-operation and more meaningful involvement of the private sector, non-governmental organisations and donors.

"A decline in poaching for five consecutive years is a reflection of the diligent work of the men and women who put their lives on the line daily to combat rhino poaching, often coming into direct contact with ruthless poachers," says the minister.

She says that steps to address rhino poaching and wildlife crime across the country are aligned with the Integrated Strategic Management of Rhinoceros plan and with the principles set out in the draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking (NISCWT), which will be taken to Cabinet for consideration in the first half of this year.

From January to December 2019, 178 suspected poachers were arrested in the Kruger National Park. Nationally, 332 suspects were arrested for rhino poaching and rhino horn trafficking. **1**

The NISCWT aims to strengthen the law enforcement aspects of the Integrated Strategic Management of Rhinoceros plan and broadens the scope to combat other wildlife trafficking, not only rhino poaching.

With regard to elephant poaching, the department says 31 elephant were poached in South Africa in 2019, of which 30 were from the Kruger National Park and one was from Mapungubwe National Park. This is a far cry from the 71 poached in 2018.

From January to December 2019, 178 suspected poachers were arrested in the Kruger National Park. Nationally, 332 suspects were arrested for rhino poaching and rhino horn trafficking. **1**

**Members of the public can report any suspicious activities to the Environmental Crime Hotline at 0800 205 005 or the SAPS number 10111.**

# Vulekamali bemaagtig Suid-Afrikaners

More Matshediso

**D**eur net op 'n knoppie te klik, kan mense maklik die land se begrotings verstaan, danksy 'n aanlynstelsel, genaamd Vulekamali.

Die portaal is twee jaar gelede deur die Nasionale Tesourie, in samewerking met verskeie burgerlike samelewingsorganisasies, geskep.

Dié innoverende projek het tydens die Openbare Sektor se 17de Innovasietoekennings in 2019, 'n toekening in die kategorie Innovasie wat 4IR-oplossings aanwend, gewen.

Die Direkteur van die Nasionale Tesourie, Anile Best, wat aan die stuur van die Vulekamali-portaalinisiatief staan, sê die portaal se hoofdoel is om openbare belangstelling en kennis van, asook deelname aan die regering se finansiële programme te verhoog.

"Dit is deel van die Nasionale Tesourie se onderneming om meer deursigtig oor staatsfinan-

sies te wees. Begrotingsinligting word reeds op die Tesourie se webwerf gepubliseer, maar die portaal bevat data wat maklik toeganklik is in 'n verbruikersvriendelike formaat, sodat inligting, analise en navorsing meer doeltreffende gedeeltes kan word," verduidelik hy.

Volgens Best, ondersteun Vulekamali die burgerlike samelewing en die publiek se betrokkenheid in begrotingsprosesse en stel burgers in staat om ingeligte besprekings oor regeringsbeleide te hou.

"As ons die publiek vra om aan begrotingsprosesse deel te neem en hulle het nie kennis daarvan nie, kan hulle nie gehalte insette lewer nie. Tweedens, wil ons hê dat die publiek moet weet hoe die regering geld uit die staatskas bestee," sê Best.

Burgerlike samelewingsorganisasies wil byvoorbeeld dikwels weet hoe die regering dienste lewer, hoe dienste aan die begroting verbind is en of die nasionale, provinsiale of

plaaslike regering vir spesifieke dienste verantwoordelik is.


Best sê van die belanghebbendes wat by die projek betrokke is, is die Departement van Beplanning, Monitoring en Evaluering; die burgerlike samelewingskoalisie, Imali Yethu; die Global Initiative en die Regering se Tegniese Raadgewende Sentrum.

Daar is verteenwoordiging van die regering sowel as die burgerlike samelewing op elke besluitnemingsvlak en in elke regeringstruktuur, sê hy.

Volgens Zukiswa Kota, wat namens die betrokke burgerlike samelewingsorganisasies praat, en hoof is van die Moniterings- en Aanbevelingsprogram by die Staatsdiens se Aanspreeklikheidsmonitor, asook die koördineerder van

Imali Yethu is, is verantwoordbare begrotingsprosesse noodsaaklik vir 'n demokrasie. Die uiteindelijke doel is om beter dienslewering te beïnvloed, sê sy.

"Vir ons beteken toegang tot vinniger inligting dat jy nie gemeenskappe het wat gedurig ontsteld is en onbewus is van begrotingsprosesse nie," sê sy. Sy voeg by dat mense meer bewus is van die dringendheid om op begrotings kommentaar te lewer en dat hulle weet met wie hulle oor hulle frustrasies kan praat. **1**



**Die publiek kan toegang tot Vulekamali kry deur [www.vulekamali.gov.za](http://www.vulekamali.gov.za) te besoek.**

**Vir navrae, stuur 'n e-pos aan [feedback@vulekamali.gov.za](mailto:feedback@vulekamali.gov.za) of stuur 'n boodskap op Twitter: [@vulekamali](https://twitter.com/vulekamali) of Facebook: [vulekamali](https://www.facebook.com/vulekamali).**